# Welkom by NG The Reeds

**'n Veilige hawe vir nuwe hoop**

Ingebind in God se hoopgewende gemeenskap



Met my stukkie lof
Met my bietjie bid
Met my sinne van stof
Wil ek voor U kom sit
Met vandag se leef
En môre se dood
Met my reguit en skeef
Met my honger en brood
So sal ek kom
As ek kom om te juig
Dankbaar en dom
Sal ek nederig kom buig





# Lied 334: 1

**"God is Liefde!"**
**juig ons harte,**
**en bedink wat liefde doen:**
**Dat Hy ons sy Seun gestuur het**
**om ons sonde te versoen.**



L 334:2

**Hy wat eerste liefgehad het,**
**het in liefde ons vergeef -**
**- nou kan ons, uit God gebore,**
**uit dié bron van liefde leef!**

# L 334:3

**Deur sy Gees, die wondergawe,**
**laat Hy wederliefde spruit;**
**en dié liefde - wat volmaak is -**
**dryf die vrees en selfsug uit.**



L 334:4

As die Vader in sy liefde
dan die sondaar maak tot kind,
mag sy Seun al meer gestalte
in ons doen en late vind!




Hebreërs 10:24-25

19. Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus **vrye toegang (vrymoedigheid)** tot die heiligdom, 20. en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam. 21. En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het, 22. **laat ons** tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water. 23. **Laat ons** styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het. 24. **Laat ons** ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. 25. Ons moenie van die samekomste (waar ons vrye toegang beofen) van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.

# Daar is nêrens ‘n plek soos in ‘n gemeente wat reg werk nie.





# In ons teks…



# Jesus se geskenk vir gelowiges



Vers 19-21 – Ons het vrye toegang/ vrymoedigheid

Vers 22 – Laat ons dan in geloof na God toe gaan

Vers 23 – Laat ons dan vashou aan bely. van hoop

Vers 24 – Laat ons dan in liefde na mekaar omsien

Vers 25 – Ons moenie wegbly, moedig mekaar aan


**Laat ons dan** in geloof
na God toe gaan



**<u>Laat ons dan</u>** vashou aan die belydenis van <u>hoop</u>


Laat ons dan in liefde
na mekaar omsien

Vers 19-21 – Ons het vrye toegang/ vrymoedigheid

Vers 22 – Laat ons dan in geloof na God toe gaan

Vers 23 – Laat ons dan vashou aan bely. van hoop

Vers 24 – Laat ons dan in liefde na mekaar omsien

Vers 25 – Ons moenie wegbly, moedig mekaar aan


Wie is ons?
Identiteit
<u>**Laat ons dan**</u> in <u>liefde</u>
na mekaar omsien



# Wat doen ons?

**Laat ons dan** in liefde
na mekaar omsien


Wie is uitgesluit?
Laat ons dan in liefde
na mekaar omsien

# Ingebind in God se hoopgewende gemeenskap



Daar is nêrens 'n plek soos in 'n gemeente wat reg werk nie.







# Lied 532: 1

**Ons Vader, neem ons hande**
**en maak ons een.**
**Versterk u self die bande -**
**gee ons u seën.**
**Bind ons in u genade**
**aan U, o Heer,**
**en leer ons om met dade**
**u Naam te eer.**



L 532:2

Heer, wees vir ons ‘n Vader

wat sorg en sien.

Trek ons in Christus nader

om U te dien.

Laat, Heer, u Gees ons voorgaan,

laat Hy ons lei,

dat ons u Woord gehoorsaam,

ons aan U wy.



L 532:3

Leer ons mekaar vergewe,
mekaar vertrou.
Laat ons die hele lewe
op liefde bou.
Laat heers oor ons u vrede,
en bind ons saam.
Verhoor tog ons gebede
in Jesus Naam.

# Ingebind in God se hoopgewende gemeenskap

